

**'n Gestaltbegeleidingsprogram vir ouers om  
optimale ontwikkeling by kleuters te bevorder**

**deur**

**AMANDA ROETS**

**voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes  
vir die graad**

**MAGISTER DIACONIOLOGIAE  
(SPELTERAPIE - RIGTING)**

**aan die  
UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**STUDIELEIER: MEV. C. VAN WYK**

**NOVEMBER 2003**

## **DANKBETUIGINGS**

My oopregte dank en waardering aan die volgende persone:

- 1 my hemelse Vader se plan en pad tot dusver in my lewe was soms onduidelik, maar as ek terugkyk, weet ek hoekom. Dankie dat ek 'n droom kon bereik; ek weet dis net uit genade;
- 2 André, vir sy ondersteuning, bystand en begrip vir die tye dat ek hom as gevolg van my studie nodig gehad het;
- 3 my pa en ma vir hul ondersteuning - veral die tye toe hulle hul tyd opgeoffer het sodat ek my ideale kon bereik;
- 4 Melinda en Marlon vir hul ondersteuning en opoffering;
- 5 dr. Hannie Schoeman en mev. Retha Bloem vir hul inspirasie en die feit dat ek so baie by hulle kon leer;
- 6 Carlien, my studieleier, toe sy soms so baie moes herhaal!
- 7 Ludwig en Chantelle wat maar eenkant moes wag terwyl Mamma besig was. Weet dat ek gegroeи het om 'n beter mamma vir julle te wees!

## **OPSOMMING**

Die doelstelling van hierdie ondersoek was om 'n Gestaltbegeleidingsprogram vir ouers daar te stel sodat hulle toegerus kan word om by te dra tot die optimale ontwikkeling van hul kleuter(s).

Die werkwyse van die ondersoek is gedoen volgens die intervensiemodel van Thomas en Rothman. Gedurende die eerste fase van die studie is bestuurders of hoofde van drie versorginsoorde genader, wat op hul beurt weer ouers van kinders in die kleuterfase by die ondersoek betrek het. Ouers van kleuters het 'n vraelys voltooi met die doel om hul houding teenoor aspekte soos kommunikasie met hul kleuter, emosies van hul kleuter, asook hul dissipline-styl te bepaal. Die vraelys is ook benut om hul behoeftes as ouers ten opsigte van die opvoeding van hul kleuter te bepaal. Gedurende die tweede fase van die studie is 'n literatuurstudie onderneem oor die kleuter se unieke ontwikkelingsdinamika op kognitiewe, affektiewe, persoonlikheids- en morele vlak. Die literatuurstudie het verder onderneem om te gaan kyk na praktiese opvoedingsmetodes wat 'n bydrae kan lewer tot die optimale ontwikkeling van kleuters. Die Gestaltbenadering is as basis vir die program gebruik, aangesien dit 'n holistiese benadering is wat hom daartoe leen om die interaksie tussen mens en omgewing op alle vlakke te omvat. Hierdie studie eindig by die eerste stap van Fase vier van die intervensiemodel, waartydens 'n prototipe Gestaltouerbegeleidingsprogram daargestel is.

## **SUMMARY**

The aim of this study was to develop a Gestalt programme for parents of toddlers to empower them to contribute to the optimal development of their toddlers.

Intervention research (Thomas & Rothman) as phase model was used as method for this study. During the first phase the managers or heads of three day-care centres were used to gain access to parents of toddlers. Parents were asked to complete a questionnaire with the objective to explore their attitude towards aspects such as communication with their toddlers, emotions of their toddlers and their disciplinary style. The questionnaire was also used to determine their needs with regard to the education of their toddlers. During the second phase a literature study was undertaken to explore the development of the toddler and the dynamics of the Gestalt approach. The Gestalt approach was used as cornerstone for the programme because of its holistic approach to the interaction between persons and the environment on all levels. This study concludes at Phase 4 by designing a prototype Gestalt programme for parents of toddlers.

Die ouerhuis is die aambeeld  
waarop kinders se gesindhede en  
oortuigings uitgetimmer word .....,  
waar hulle hulself leer ken  
in daardie belangrike tussentyd  
totdat die lewe besluit wat hy met hulle gaan maak.

**-Charles R. Swindoll**